191. T. 5 (79)

# GELOFTEDAG EN RASSEVERHOUDINGE

(Geloftedag, 16 Des. 1960,
Wonderboom, Pretoria)

I **Histories.**

Moord op Retief en sy manne.

Gelofte.

Bloedrivier.

Wat hieruit spreek: insident uit die geskiedenis van ons rasseverhoudinge, by name blank en nie-blank.

II **Breë Agtergrond.**

Ander lande: V.S.A. en Kanada.

Australië en Nieu-Seeland.

Suid-Amerikaanse lande.

Suid-Afrika.

Ons rekord is nie so sleg nie!

III **Suid-Afrika vandag.**

Vestiging van ons historiese patroon: Skeiding, parallele ontwikkeling.

Bantoe: Woongebiede, tuistes, ekonomiese ontwikkeling, godsdiensonderrig, onderwys.

Kleurling: Beleid nog nie so ver deurgevoer nie, dog in beginsel dieselfde.

Ooreenkomstig opvattinge van Afr. word die erkende Regeringsbeleid uitgevoer.

IV **Ontstellende Verskynsels.**

(a) Baie mense het nog nie vir hulleself helderheid oor groot beginsels gekry nie. Daarom besef hulle nog nie die implikasies van die beleid van skeiding nie. Daarom is hulle huiwerig om sekere implikasies van beginsels te aanvaar, bv. opofferings, hoër lewenskoste ens. Vandaar ook dat sommige mense op twee gedagtes hink: eers het hulle bv. ontugwet en werkafbakening gesteun, nou is hulle geneig om om te spring.

(b) Onderlinge stryd: Word vandag ten oorvloede gesien, in persoonlike gesprekke, persoonlike verhoudinge, briefwisseling in koerante, persverklarings ens.

Op hierdie .../2

Op hierdie wyse - en op hierdie vlak - kan ernstige landsvraagstukke seer seker nie opgelos word nie. Ons kweek eerder onderlinge verdeeldheid en wantroue.

(c) Toenemende skuldgevoel: Ten opsigte van Bantoe, maar veral ten opsigte van Kleurling. Blyke hiervan het ons al van manne in vooraanstaande posisies gekry: kulturele, intellektuele en kerklike leiers. Nou wil ek nie sê dat ons nie in verlede foute gemaak het nie. Ons het foute gemaak (Gee voorbeelde), maar ons het geen rede vir 'n nasionale skuldgevoel nie. Inteendeel. Ons moet eerder waak teen die gees van die Londense Sendinggenootskap in ons eie midde!

V <u>Woord van Waarskuwing</u>

Baie van ons vandag besig om 'n uiters gevaarlike pad op te gaan. Elke tweede meen hy het 'n oplossing vir ons rassevraagstukke, en hy kan kwaai in sy kritiek op die Regering wees as Regering anders oordeel. Verdeeldheid en onderlinge wantroue word aangeblaas. Dikwels gebeur dit nie bewustelik nie, maar of dit bewus of onbewus gedoen word, die uitwerking bly dieselfde.

Voordat dit te ver gaan, moet ons gaan stilsit en besin. Ons moet die koste gaan bereken: op staatkundige gebied (XXX), op sosiale en kulturele gebied (XXX), en op kerklike gebied (XX. Ook sendingaksie). Ons moet die koste bereken. Ons moet seker maak of ons nie miskien al die stadium bereik het waar ons besig is om van ons beginsels vendusie te hou nie. Ons moet besin voordat dit te laat is.

VI <u>Wat ons te doen staan</u>.

Laat ons 'n bietjie meer beskeie wees - nie so verlief wees op ons eie opvattinge nie. Ons is nie almal deskundiges in staatsake nie, en ons dra nie die verantwoordelikheid van die landsbestuur nie. Laat ons 'n bietjie meer vertroue hê in diegene wat die verantwoordelikheid dra, en laat ons hulle meer help. Dit beteken ingeensins dat ons in alles ja en amen hoef te sê nie. Indien nodig, kan ons ook van hulle verskil: dit is immers ons demokratiese, Calvinistiese reg. Maar laat ons dan op kalme waardige wyse verskil, en nie in elke verskil

'n aanleiding tot 'n brief in die koerant, of 'n persverklaring, vind nie.

Laat ons veral ons eie harte ondersoek. Laat ons uitmaak of ons nie miskien gretiger is om ons eie geliefkoosde teorieë te propageer as om waarlik die lot van ander, van minder-bevoorregtes, te verbeter nie.

Laat ons ook maar nie die lesse van ons eie verlede vergeet nie, en laat ons opnuut duidelik sien hoe en waarom 'n klein klompie blankes in 'n Donker Kontinent behoue gebly en gefloreer het.

## VII Slot.

Geloftedag het uit 'n botsing tussen blank en nie-blank voortgevloei.

Mag Geloftedag 1960 ons tot ernstige besinning oor die verhoudinge tussen blank en nie-blank bring.

Mag dit ons die basiese dinge in verband met die verhoudinge tussen blank en nie-blank weer duidelik laat raaksien. Mag Geloftedag 1960 vir ons boweal tot ernstige waarskuwing dien, sodat ons, deur ons eie onversigtige optrede, nie miskien die fondamente van ons volksgebou ondergrawe nie.

Maar dit weet ons: as ons op sulke waarskuwings ag slaan, sal ons die toekoms met vertroue kan tegemoet gaan.

***********